

# 'n Paar nuttige wenke oor hoe om geld te bespaar



## Bepan hoe jy gaan spaar

- Stel 'n begroting op en hou rekord van jou uitgawes.
- Sluit spaargeld in jou begroting in.
- Stel kort-, medium- en langtermyn doelwitte.

## Spaar vir aftrede

- Begin om op 'n gereelde basis te spaar vanaf die dag wat jy met jou eerste werk begin.

## Spaar vir jou kinders

- Leer jou kinders om van 'n vroeë ouderdom af te spaar.
- Begin by geboorte reeds vir jou kinders se opvoeding te spaar.

Besoek [www.westerncape.gov.za/general-publication/10-ways-save-money](http://www.westerncape.gov.za/general-publication/10-ways-save-money) vir meer besparingswenke.

## Verminder huishoudelike uitgawes

- Skakel ligte in kamers wat nie gebruik word nie af om jou elektrisiteitsrekening so laag as moontlik te hou.
- Neem kort storte om water te bespaar en jou waterrekening so laag as moontlik te hou.
- Wanneer jy kook, maak seker dat die grootte van die pot ooreenstem met die grootte van die plaat om energievermorsing te verhoed.
- Wanneer jy water vir 'n koppie koffie of tee kook, gooi slegs genoeg water in vir een koppie of totdat die watervlak bo die element is. Hou ekstra gekookte water in 'n fles om later te gebruik.

Verwesenlik jou besparingsdoelwit **BETER TESAME.**



**Wes-Kaapse  
Regering**  
Ekonomiese Ontwikkeling  
en Toerisme

**BETER TESAME.**

# Hoe om 'n verbruikersklagte in te dien



As jy nie tevrede is met 'n aankoop of diens waarvoor jy betaal het nie, is dit jou reg as verbruiker om te kla.

## Gaan eers terug na die besigheid:

- Identifiseer die spesifieke probleem en staaf dit met bewyse soos die beskadigde item, die kontrak of kwitansies. Wanneer jy met dokumente werk, hou die oorspronklike en werk slegs met afskrifte.
- Tree so gou moontlik in verbinding met die besigheid wat aan jou die produk verkoop of diens gelewer het.
- Word jou klagte deur die Wet op Verbruikersbeskerming gedek?
- Wees duidelik oor hoe jy wil hê die klagte opgelos moet word.
- Probeer eers om die saak direk met die persoon wat vir die transaksie verantwoordelik is, op te los.
- As dit misluk, praat met die bestuurder of kliëntediensvertegenwoordiger.
- Dokumenteer jou stappe, bv. die naam van die persoon met wie jy gepraat het, datum en tyd.

## Wat moet ek doen indien my pogings om die geskil met die besigheid te besleg, misluk?

- Skakel of dien 'n klagte in by die Kantoor van die Verbruikersbeskermer op een van die volgende maniere:
- Skakel die tolvrynommer: 0800 007 081. Hierdie is 'n gratis oproep!
- Please call me: 079 769 1207
- Besoek die KVB op die Grondvloer, Waldorf-arkade, St George's Wandellaan 80, Kaapstad
- Skryf aan ons: Briewe aan Posbus 979, Kaapstad 8000
- Fakse na: 021 483 5872
- E-posse na: [consumer.protector@westerncape.gov.za](mailto:consumer.protector@westerncape.gov.za)
- Opgeleide verbruikersadviseurs sal na jou klagte luister en namens jou optree om jou klagte op te los.

Vind 'n oplossing vir jou verbruikersklagte  
**BETER TESAME.**



**Wes-Kaapse  
Regering**  
Ekonomiese Ontwikkeling  
en Toerisme

**BETER TESAME.**